

22 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 18:1-20

Sorg dat jy wegkom!

Die mooi Babilonvrou met haar verleidelike goue beker vol goddeloosheid en sedeloosheid beïnvloed die hele samelewing, selfs die handel en die politiek. Kyk maar waarin die sakemanne volgens Op 18:12 hande dryf “selfs met die lewens van mense.” Hoe maklik gebeur dit nie in die sakewêreld dat geldmaak alles word en mense onbelangrik! Babilon is volledig ‘n instrument in die hand van Satan en die Antichris en die valse profeet.

Maar haar pad loop uit op ontnugtering by die konings en die sakemanne. Goddeloosheid en sedeloosheid dra altyd sy eie ondergang in homself. Daarom kom die oproep in vers 4-8: “Gaan uit haar uit my volk.” Daar is geen toekoms op die pad van goddeloosheid en sedeloosheid nie.

Kyk hoe trots is die afvallige wêreldse gees nie! Dit is soos ‘n weduwee wat haar man (die Here) verloor het en dan sê: “Ek sal nooit daaroor treur dat ek God verloor het nie!” Maar God laat Hom nie so maklik wegdink of wegpraat of wegwerk nie! As God met sy oordele kom, dan val die droombeelde van geluk sonder God stukkend. Dan staan almal wat op daardie pad geloop het, verdwaas: Hoekom was ons so dom? En die Babilonvrou se ondergang word aangekondig asof dit reeds gebeur het: ”Geval, geval!”

Die gelowige moet in geestelike afsondering van die “wêreld” lewe. Kerkmense raak maklik afvallig as hulle hulle in die “weelde” van goddeloosheid en sedeloosheid verstrengel.

Sing: Psalm 68:15

Dr B Duvenage (Emeritus)